# Hoofstuk van die dag: 1 Petrus 5

> *Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind.*

*(vers 8)*

Petrus skryf hierdie brief waarskynlik uit Rome, waar leeus op weerlose Christene in die arena losgelaat is om hulle te verslind, tot vermaak van die skare. Bloot die gedagte daaraan laat 'n mens sidder. So is die duiwel met ons almal besig, en 'n mens moet daarteen waak om Satan se mag te onderskat. As jy dit doen, sál hy jou verslind.
Ons is egter nie weerloos soos die Christene in die arena nie. In die geloof kan ons hom teenstaan (vers 9). Ons het ook die wapenrusting waarmee ons onsself teen sy aanslae kan verdedig (vgl Ef 6:10-18). Die kragtige hand van God (vers 6) is daar om ons te beskerm.
Petrus herinner sy lesers daaraan dat nie net húlle ly onder Satan se aanslae nie. Dwarsdeur die wêreld gebeur dit met gelowiges (vers 9). 'n Mens kan maklik moedeloos word en jouself bejammer as jy dink jy staan alleen in jou stryd, soos Elia wat gewens het hy was dood (1 Kon 19:4,10 en 18).
As jy in jou nood met geloof aan God vashou, sal Hy jou weer oprig (vers10). Byt vas!

_Naskrif:_ Môre begin ons met die boek Nahum.


## Onlangse Bydraes

- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien

© Bybelkoerant 2018 – 2026